NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368,
Pretoria 0001;
Swaanstraat 129,
East Lynne,
Pretoria 0186;
www.nhka.org

19 Januarie 2021

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Ringskribas
Gemeenteskribas
Predikante

**OMSENDSKRYWE NR 4/2021**

Geagte broers en susters

## SPESIALE DEURKOLLEKTES 2021

Ons kerkkalender maak voorsiening vir 'n aantal spesiale deurkollektes wat deur die Kommissie van die AKV goedgekeur is. In baie gevalle doen gemeentes 'n beroep op lidmate om spesiale bydraes vir hierdie sake te gee en word daar jaarliks aan al die betrokke instansies geld oorbetaal. Al die betrokke instansies steun swaar op die bydraes wat hulle sodoende uit die Kerk ontvang.

Die kerkkalender vir 2021 wat verlede jaar versprei is, het die datums vir spesiale deurkollektes soos oor die afgelope jare bloot vir die nuwe jaar aangepas. Die Bybelgenootskap van SA het egter versoek dat die deurkollekte ten bate van die BSA nie eers op Hervormingsondag nie, maar vroeër in die jaar ingesamel en oorbetaal moet word. Omdat die BSA se finansiële jaar op 31 Oktober eindig, het dit elke jaar daartoe gelei dat bydraes van verskillende gemeentes wat eintlik in dieselfde kalenderjaar en kerkjaar oorbetaal word, weerskante van die BSA se finansiële jaareinde ontvang word.

Na konsultasie met die BSA en ander instansies wat deur 'n verskuiwing van die datums van deurkollektes geraak word, is die datums vir spesiale deurkollektes vir 2021 soos volg aangepas:

| | |
|---|---|
| 14 Februarie | NHSV Beurs- en Leningsfonds |
| 7 Maart | DPS-huise (Stop geweld teen kinders) |
| 23 Mei | Apostolaat (Pinkstersondag) |
| 6 Junie | Rata: Hoop vir 'n kind |
| 22 Augustus | Bybelgenootskap van SA |
| 5 September | Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (Loslitdag) |
| 24 Oktober | Teologiese Opleidingsfonds |
| 31 Oktober | Teologiese Opleidingsfonds |
| 21 November | Bejaardesorg (gaan gepaard met internasionale fokus op bejaardes) |
| 25 Desember | Beeld Kinderfonds (DPS-huise) |

Gemeentes word vriendelik versoek om hul kalenders sodanig aan te pas. Doen asseblief andermaal 'n beroep op lidmate om hierdie instansies te ondersteun en betaal die gemeente se bydrae so gou moontlik aan hulle oor.

By voorbaat dankie vir u lojale ondersteuning,

Wouter van Wyk

**Dr WC van Wyk**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***
***Namens Skriba: Ds WJJ Kok***

012 322 8885 x3103
wouter@nhk.co.za